



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R1,00** Prys • Price  
**R0,10** Plus 10% BTW • VAT

**R1,10** Verkoopprijs • Selling price  
Buitelands **R1,40** Other countries  
Posvry • Post free

VOL. 324

KAAPSTAD, 12 JUNIE 1992

CAPE TOWN, 12 JUNE 1992

No. 14036

## KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1592.

12 Junie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die waarnemende Staatspresident sy goedkeuring gegee het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 68 van 1992: Private Wysigingswet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (Volksraad), 1992.

## STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1592.

12 June 1992

It is hereby notified that the Acting State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 68 of 1992: University of the Orange Free State (Private) Amendment Act (House of Assembly), 1992.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

- [ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skappings uit bestaande verordenings aan.
- \_\_\_\_\_** Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

# PRIVATE WET

Tot wysiging van die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949.

*(Engelse teks deur die waarnemende Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 3 Junie 1992.)*

**Aanhef**

NADEMAAL die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (hieronder die Universiteit genoem) as regspersoon erken is deur die Private Wet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, 1949 (Wet No. 21 van 1949) (hieronder die Hoofwet genoem):

EN NADEMAAL dit vir die Universiteit dienstig is om—

- (a) die setel van die Universiteit uit te brei;
- (b) die getal lede van die Raad deur die Minister benoem, tot hoogstens vier te verander;
- (c) daarvoor voorsiening te maak dat twee van die vier lede van die Raad wat lede van die Konvokasie is, deur die Bond van Oudkovsies benoem word;
- (d) die fakulteite waaruit lede van die Senaat lede van die Raad kies, volledig te omskryf;
- (e) die getal lede van die Raad deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat benoem, van twee tot een te verminder;
- (f) weg te doen met die benoeming van lede van die Raad deur die Onderwysersvereniging van die Oranje-Vrystaat, die Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat en die Oranje-vrouevereniging;
- (g) die getal lede van die Raad deur die Provinsiale Administrasie van die Oranje-Vrystaat benoem, van drie tot twee te verminder;
- (h) die getal lede van die Raad deur die Raad benoem, van vier tot agt te vermeerder;
- (i) daarvoor voorsiening te maak dat die hoof van 'n tersiêre onderwys-inrigting wat ingevolge 'n ooreenkoms met die Universiteit verbind is, 'n lid van die Senaat is;
- (j) daarvoor voorsiening te maak dat die Senaat sy bevoegdhede of werksaamhede kan deleger aan komitees wat ook kan bestaan uit persone wat nie lede van die Senaat is nie;
- (k) voorsiening te maak vir die poste van Direkteure en Adjunk-direkteure, wat posbenamings is wat deur reorganisasie geskep is;
- (l) voorsiening te maak vir al die fakulteite aan die Universiteit, en wel volgens die jongste benamings daarvan;
- (m) sekere gevolglike wysigings aan te bring; en
- (n) voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan:

5

10

15

20

25

30

35

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE (PRIVATE)  
AMENDMENT ACT (HOUSE OF ASSEMBLY), 1992

Act No. 68, 1992

## GENERAL EXPLANATORY NOTE:

- [** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.
- Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# PRIVATE ACT

To amend the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949.

*(English text signed by the Acting State President.)*  
*(Assented to 3 June 1992.)*

## Preamble

WHEREAS the University of the Orange Free State (hereinafter referred to as the University) was incorporated by the University of the Orange Free State (Private) Act, 1949 (Act No. 21 of 1949) (hereinafter referred to as the principal Act):

AND WHEREAS it is expedient for the University to—

- (a) extend the seat of the University;
- (b) change the number of members of the Council appointed by the Minister to not more than four;
- 10 (c) provide for the appointment by the Bond van Oudkovsies of two of the four members of the Council who are members of the Convocation;
- (d) describe in full the faculties from which members of the Senate shall elect members to the Council;
- 15 (e) reduce the number of members of the Council appointed by the Nederduitse Gereformeerde Kerk in the Orange Free State from two to one;
- (f) do away with the appointment of members of the Council by the Teachers' Association of the Orange Free State, the Helpmekeer of the Orange Free State and the Oranje-vrouevereniging;
- 20 (g) reduce the number of members of the Council appointed by the Provincial Administration of the Orange Free State from three to two;
- (h) increase the number of members of the Council appointed by the Council from four to eight;
- 25 (i) provide that the principal of a tertiary educational institution which is by agreement associated with the University shall be a member of the Senate;
- (j) provide that the Senate may delegate its powers or functions to committees which may also consist of persons who are not members of the Senate;
- 30 (k) provide for the posts of Directors and Deputy Directors, which are official designations created by reorganization;
- (l) provide for all the faculties at the University in accordance with their latest names;
- 35 (m) effect certain consequential amendments; and
- (n) provide for matters connected therewith:

**W**ORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

### Vervanging van artikel 2 van Wet 21 van 1949

1. Artikel 2 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:

#### “Naam en setel van die Universiteit

2. Die naam van die Universiteit is ‘die Universiteit van die Oranje-Vrystaat’, en sy setel is in Bloemfontein in die provinsie Oranje-Vrystaat: Met dien verstande dat die Universiteit met die goedkeuring van die Minister sy akademiese aktiwiteite ook buite sy setel kan uitoefen: Met dien verstande voorts dat, indien ’n vak gedoseer word binne die setel van ’n ander universiteit of op ’n plek waar die akademiese aktiwiteite van ’n ander universiteit kragtens die Wet van daardie universiteit of met die goedkeuring van die Minister voortgesit word, sodanige vak met die goedkeuring van daardie ander universiteit en die Minister gedoseer word.”

Wysiging van artikel 7 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 70 van 1971, artikel 1 van Wet 69 van 1974, artikel 5 van Wet 108 van 1978, artikel 1 van Wet 97 van 1984 en artikel 3 van Wet 34 van 1989

2. Artikel 7 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

“(1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet berus die bestuur en die uitvoerende mag van die Universiteit by die Raad, wat bestaan uit—

- (a) die Rektor van die Universiteit; **[en]**
- [(aA)]** (b) die Vise-rektore van die Universiteit; **[en]**
- (b)]** (c) hoogstens vier persone deur die Minister benoem; **[en]**
- (c)]** (d) vier lede van die Konvokasie **[deur die Konvokasie van die Universiteit gekies]** van die Universiteit, van wie twee lede deur die Konvokasie gekies word en twee lede deur die Bond van Oudkovsies benoem word; **[en]**
- (d)]** (e) drie lede van die Senaat van die Universiteit deur die Senaat gekies, **[waarvan]** van wie minstens een die Geesteswetenskaplike Fakulteite (dit wil sê, Lettere en Wysbegeerte, Ekonomiese en **[Administratiewe Wetenskappe]** Bestuurswetenskappe, Opvoedkunde, Sosiale Wetenskappe, **[en Regte]** Regsgeleerdheid en Teologie) en minstens een die Natuurwetenskaplike Fakulteite (dit wil sê, Natuurwetenskappe, Landbou en Geneeskunde) verteenwoordig;
- [(e)]** (f) een persoon deur die Stadsraad van Bloemfontein benoem; **[en]**
- (f)]** (g) een persoon gekies deur die donateurs soos in die Statute omskryf; **[en]**
- (g)]** (h) **[twee persone]** een persoon deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat benoem; **[en]**
- (h)** een persoon deur die Onderwysersvereniging van die Oranje-Vrystaat benoem; en
- (i)** een persoon deur die Helpmekaar van die Oranje-Vrystaat benoem; en
- (j)** een persoon deur die Oranje-vrouevereniging benoem; en
- (k)]** (i) **[drie]** twee persone deur die Provinsiale **[Raad]** Administrasie van die Oranje-Vrystaat benoem, van wie minstens een besondere kennis van die geneeskunde of gesondheidsadministrasie moet hê; en
- [(l)]** (j) hoogstens **[vier]** agt ander persone **[benoem]** deur die Raad benoem soos in die Statute bepaal.

Behalwe soos in paragrawe (a), **[(aA)]** (b) en **[(d)]** (e) bepaal, **[word]** mag geen lid van die akademiese personeel en geen ander persoon wat ’n salaris of besoldiging van die Universiteit ontvang, as lid van die Raad aangestel of verkies word nie. Die lede van die Raad beklee hulle amp vir sodanige tydperke as wat die Statute in elke geval voorskryf.

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE (PRIVATE)  
AMENDMENT ACT (HOUSE OF ASSEMBLY), 1992

Act No. 68, 1992

**B**E IT THEREFORE ENACTED by the State President and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

**Substitution of section 2 of Act 21 of 1949**

1. The following section is hereby substituted for section 2 of the principal Act:

5                   **“Name and seat of the University**

2. The name of the University shall be ‘the University of the Orange Free State’, and its seat shall be at Bloemfontein, in the Province of the Orange Free State: Provided that the University may, with the approval of the Minister, also conduct its academic activities outside its seat: Provided further that, if a subject is taught within the seat of another university or at a place where the academic activities of another university are carried on under the Act of that university or with the approval of the Minister, such subject shall be taught with the approval of that other university and the Minister.”.

15 **Amendment of section 7 of Act 21 of 1949, as amended by section 1 of Act 70 of 1971, section 1 of Act 69 of 1974, section 5 of Act 108 of 1978, section 1 of Act 97 of 1984 and section 3 of Act 34 of 1989**

2. Section 7 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

20                   “(1) Subject to the provisions of this Act, the government and executive authority of the University shall be vested in the Council, which shall consist of—

- (a) the Rector of the University; **[and**
- 25                   **(aA)]** (b) the Vice-Rectors of the University; **[and**
- (b)]** (c) not more than four persons appointed by the Minister; **[and**
- (c)]** (d) four members of the Convocation **[elected by the Convocation]** of the University, of whom two members shall be elected by the Convocation and two members shall be appointed by the Bond van Oudkovsies; **[and**
- 30                   **(d)]** (e) three members of the Senate of the University elected by the Senate, of whom **[not less than]** at least one shall represent the Human Sciences Faculties (that is to say, Literature and Philosophy, Economics and **[Administrative]** Management Sciences, Education, Social Sciences, **[and]** Law and Theology) and **[not less than]** at least one shall represent the Physical Science Faculties (that is to say, Physical Sciences, Agriculture and Medicine);
- [(e)]** (f) one person appointed by the City Council of Bloemfontein; **[and**
- (f)]** (g) one person selected by the donors referred to in the statutes; **[and**
- 40                   **(g)]** (h) **[two persons]** one person appointed by the Nederduitse Gereformeerde Kerk in the Orange Free State; **[and**
- (h)** one person appointed by the teacher’s association of the Orange Free State; and
- 45                   **(i)** one person appointed by the Helpmekaar of the Orange Free State; and
- (j)** one person appointed by the Oranje-vrouevereniging; and
- (k)]** (i) **[three]** two persons appointed by the Provincial **[Council]** Administration of the Orange Free State, of whom at least one shall have special knowledge of medicine or health administration; and
- 50                   **[(l)]** (j) not more than **[four]** eight other persons appointed by the Council as provided in the statutes.

55 Except as provided in paragraphs (a), **[(aA)]** (b) and **[(d)]** (e), no member of the academic staff and no other person who receives a salary or remuneration from the University, shall be appointed or elected as a member of the Council. The members of the Council shall hold office for such periods as the statutes in each case prescribe.



**Wysiging van artikel 8 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 29 van 1962 en artikel 6 van Wet 108 van 1978****3. Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig—**

(a) deur die woord “en” aan die einde van paragraaf (e) van subartikel (1) by te voeg; en

(b) deur die volgende paragraaf by subartikel (1) te voeg:

“(f) die hoof van ’n tersiêre onderwysinrigting wat ingevolge ’n ooreenkoms met die Universiteit verbind is.”

**Vervanging van artikel 9 van Wet 21 van 1949****4. Artikel 9 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:****“Komitees van die Senaat**

9. Die Senaat kan [van tyd tot tyd komitees by wyse van verkiesing instel en aan so ’n komitee werksaamhede opdra wat die Senaat self bevoeg is om te verrig] komitees van die Senaat aanstel, wat uit lede van die Senaat of uit lede van die Senaat en ander persone op die diensstaat van die Universiteit kan bestaan, en kan aan so ’n komitee enige van die Senaat se bevoegdhede of werksaamhede soos vervat in hierdie Wet en die Statute van die Universiteit deleger: Met dien verstande dat die Senaat te eniger tyd die delegering van sodanige bevoegdhede of werksaamhede of enige besluite van so ’n komitee kan herroep of wysig.”

**Wysiging van artikel 10 van Wet 21 van 1949, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 36 van 1959 en artikel 7 van Wet 108 van 1978****5. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:**

“(2) Die Rektor, Vise-rektor of Vise-rektore, professore, lektore, hoofde van navorsingsinrigtings, Registrateurs, Direkteure, Adjunk-direkteure, Adjunk-registrateurs, Assistent-registrateurs en Bibliotekaris van die Universiteit is tydens hulle ampstermyn ampshalwe lede van die Konvokasie en daarop geregtig om hulle name op die konvokasielys te laat inskryf.”

**Vervanging van artikel 11 van Wet 21 van 1949, soos vervang deur artikel 8 van Wet 108 van 1978****6. Artikel 11 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:**

**“Registrateurs, Direkteure, Adjunk-direkteure, Adjunk-registrateurs en Assistent-registrateurs**

11. Die Raad stel een of meer Registrateurs, een of meer Direkteure, een of meer Adjunk-direkteure, een of meer Adjunk-registrateurs en een of meer Assistent-registrateurs van die Universiteit aan, wie se werksaamhede, bevoegdhede en verpligtinge deur die Raad omskryf word.”

**Wysiging van artikel 12 van Wet 21 van 1949, soos vervang deur artikel 2 van Wet 29 van 1962****7. Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:**

“(1) Aan die Universiteit is daar Fakulteite van Lettere en Wysbegeerte, Sosiale Wetenskappe, Natuurwetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Ekonomiese en administratiewe wetenskappe Bestuurswetenskappe, Landbou, Teologie, en Geneeskunde, en sodanige ander fakulteite of departemente as wat die Raad, met die goedkeuring van die Minister en onderworpe aan die Statute, van tyd tot tyd bepaal.”

UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE (PRIVATE)  
AMENDMENT ACT (HOUSE OF ASSEMBLY), 1992

Act No. 68, 1992

Amendment of section 8 of Act 21 of 1949, as amended by section 1 of Act 29 of 1962 and section 6 of Act 108 of 1978

3. Section 8 of the principal Act is hereby amended—

- 5 (a) by the addition of the word “and” at the end of paragraph (e) of subsection (1); and  
(b) by the addition to subsection (1) of the following paragraph:  
“(f) the principal of any tertiary educational institution which is by agreement associated with the University.”

Substitution of section 9 of Act 21 of 1949

- 10 4. The following section is hereby substituted for section 9 of the principal Act:

“Committees of the Senate

- 15 9. The Senate may [by election, from time to time establish committees and entrust to any such committee any functions which the Senate itself is competent to perform] appoint committees of the Senate, which may consist of members of the Senate or of members of the Senate and other persons in the employ of the University, and may delegate to any such committee any of the Senate’s powers or functions provided for in this Act and the statutes of the University:  
20 Provided that the Senate may at any time revoke or amend the delegation of such powers or functions or any decisions of such a committee.”

Amendment of section 10 of Act 21 of 1949, as amended by section 1 of Act 36 of 1959 and section 7 of Act 108 of 1978

- 25 5. Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- 30 “(2) The Rector, Vice-Rector or Vice-Rectors, professors, lecturers, heads of research institutes, Registrars, Directors, Deputy Directors, Deputy Registrars, Assistant Registrars and Librarian of the University, while holding office as such, shall be *ex officio* members of Convocation and shall be entitled to have their names placed on the Convocation roll.”

Substitution of section 11 of Act 21 of 1949, as amended by section 8 of Act 108 of 1978

- 35 6. The following section is hereby substituted for section 11 of the principal Act:

“Registrars, Directors, Deputy Directors, Deputy Registrars and Assistant Registrars

- 40 11. The Council shall appoint one or more Registrars, one or more Directors, one or more Deputy Directors, one or more Deputy Registrars and one or more Assistant Registrars of the University, whose functions, powers and duties shall be defined by the Council.”

Amendment of section 12 of Act 21 of 1949, as substituted by section 2 of Act 29 of 1962

- 45 7. Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

- 50 “(1) At the University there shall be Faculties of Arts and Philosophy, Social Science, Natural Science, Education, Law, Economic and [administrative] Management Sciences, Agriculture, Theology, and Medicine, and such other faculties or departments as the Council, with the approval of the Minister and subject to the statutes, may from time to time determine.”

Wet No. 68, 1992

PRIVATE WYSIGINGSWET OP DIE UNIVERSITEIT VAN DIE  
ORANJE-VRYSTAAT (VOLKSRAAD), 1992

**Kort titel**

8. Hierdie Wet heet die Private Wysigingswet op die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (Volksraad), 1992.



UNIVERSITY OF THE ORANGE FREE STATE (PRIVATE)  
AMENDMENT ACT (HOUSE OF ASSEMBLY), 1992

Act No. 68, 1992

**Short title**

8. This Act shall be called the University of the Orange Free State (Private) Amendment Act (House of Assembly), 1992.

